Grewia avellana

E: one of the raisinbush species
A: een van die rosyntjiebosspesies

D: Kerbblättriger Rosinenstrauch, Sternbusch/-blume
H: Omatakowavatwa/Omatakowovatwa

Ons ken die Grewia-struike algemeen as *rosyntjiebos*, maar is ons bewus daarvan, dat daar menigte verskillendes is? (Volgens die *Tree Atlas of Namibia* is dit dertien). Van hulle blom geel, van hulle blom wit, daar is selfs van die wat pienk blom (maar die kom nie in Namibia voor nie).

BILD: *Grewia tenax*

Ene wat wit blom, is Grewia tenax. Baie van ons ken dit en het dit as kinders geniet, dis die kruisbessie.Dit groei meer in die westelike dele van die land. Die bessies is redelik klein, viergedeel, helder oranje en smaak lekker!

Grewia avellana het ook wit blomme, kom blykbaar nie so algemeen voor nie, is nie so baie bekend nie, maar het my aandag getrek met sy jasmyn-agtige helderwit redelike groot sterretjiesblomme. Baie mooi!!!

Grewia avellana vyf blaar

Grewia avellana ses blaar.

so verskillend kan hulle lyk

Grewia avellana

Volgens ons *Tree Atlas of Namibia* kom hulle slegs noord van die steenbokskeerkring voor, hoofsaaklik in die oostelike gedeeltes, alhoewel daar ook melding gemaak is van voorkoms by die Kunenerivier.

Onder bome in die skaduwee "kruip hulle weg". Hulle hou van diep sandgrond (Kalahari), vorm kruidagtige struike, wat d.m.v. risome (ondergrondse groei) uitbrei en kolle (patches) te vorm. Diere vreet hierdie redelike sagte stingels met blare en al tot amper by die grond af. Ek lees, die struik kan tot by 3m hoog word, ... dan is daar nie plantvreters in die area nie! ..... Hier sien ek enkele stingels van heuphoogte, andersins afgevreet. Dalk sien ons so selde blomme op die plant, omdat dit so sterk bewei word.

vierdelige bessie van Grewia avellana

Nie net diere hou daarvan nie; die vruggies word deur veldbewoners op die platteland graag ge-eet en/of as fermenteerder vir 'n vervrissende drankie (ligte biertjie) gebruik. Sy smaak is soetsuur.
Merkwaardig is die bessie se voorkoms: dit bestaan uit soms een, twee, drie of hoogstens vier dik ronde rooibruin blink korrels, wat in die middel aanmekaargeheg is. As dit twee korrels is, lyk dit soos 'n lekker vet ronde menslike liggaamsdeel, waarop ons sit. Die Ovahereromense het dus ook die plant na die spesifieke liggaamsdeel vernoem.

Grewiaspesies is baie nuttige plante*:*

- dis goeie voer vir plantvretende diere.
- In die RSA is vasgestel, dat Grewia en Tarchoanthus (vaalbos) 'n goeie kombinasie is, as jy bv. self voermengsels uit jou veld saamstel.
- jagters en versamelaars het veral die "rosyntjies" gebruik (rou, fyn gemaal en gaargemaak, gedroog, as geurmiddel genuttig)
- die houtagtige dele word vir pylskagte, boog (pyl en boog), lepels, handvatsels, loopkieries gebruik
- Kwanyamamense behandel gifpylwondes met 'n pap van fyngekoude G.avellana wortel
- sade word ook gebruik om oorbelletjies en hangers/kraletjies vir halssnoere te maak

Al die Grewia spesies is dit beslis werd, om hulle te bestudeer, maar dit is nogal nie so maklik om hulle almal te onderskei nie, tensy hulle blomme so opvallend is soos Grewia avellana s'n.

Inligtingsbronne:
Tree Atlas of Namibia (Barbara Curtis, Coleen Mannheimer)
Trees & Shrubs of Namibia (Le Roux and Mueller, Mannheimer and Barbara Curtis)
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (E.von Koenen)
per e-pos: Herta Kolberg, David Aiyambo (Namibia Scient.Ass.), Meg Coates Palgrave (Botanist in Zimbabwe) **BAIE DANKIE**
Foto Grewia tenax: Luise Hoffmann (**Danke**)
Teks en ander fotos: Anka Eichhoff

Februarie 2016